19 Julie 2020

PRAKTIESE WYSHEID

VIR KLEINGROEPE

praktiese wysheid...

Romeine 8: 12-25

ons storie
ysbreker

Beantwoord een van die vrae oor jou week: Hoeveel uit 10 sal jy jou week gee en hoekom? Waarvoor is jy dankbaar en wat was vir jou moeilik? Waar het jy God aan die werk gesien?

Vertel van iets waarna jy met verwagting uitgesien het. Beskryf hoe jy gevoel het.

word stil

Lees Psalm 139: 1-12, 23-24 as 'n gebed.

Dink na oor God wat jou so goed ken. Bedreig dit jou of laat dit jou veilig voel?

GOD se storie
wat sê die Bybel

Lees saam
Romeine 8: 12-25

As daar tyd is,
kan elkeen dit daarna
weer op sy/haar eie tyd lees.

GOD se storie
gesels hieroor na

- Noem enige iets uit die gedeelte wat jou geraak het. Of enige vrae wat jy nou het.
- Die Gees maak ons nie tot slawe nie, en verseker dat ons nie in vrees hoef te lewe nie. Wat beteken die gedagte? Hoe val ons soms terug na vrees?
- As gelowiges is ons 'n gemeenskap van God se kinders. Wat beteken dit vir ons onderlinge verhoudings? En ons verhouding met ander? Hoe daag dit jou uit?
- Ons is vry van ons sondige natuur. Tog skemer dit nog deur. Hoe beleef jy dit?
- Wat maak dit in jou wakker om jouself te sien as 'n kind en erfgenaam van God? Watter implikasies het dit vir jou lewe?
- Volgens die teks sug die skepping. Hoe verstaan julle dit? Wat veroorsaak die moedelose sug? Waarvan sug ons ook?
- Hoe is die hoop in Christus anders as die ander goed waarop ons hoop?

ons nuwe storie

Hoe ons nuut dink, doen en leef in die wêreld rondom ons.
Verder en Voor:

Ons kry gereeld met moedelose mense te doen – veral hier-en-nou in Suid-Afrika. Hoe kan ons hulle help in die lig van hierdie teks?

na die erediens

As julle groep na die erediens bymekaarkom waarin die teks hanteer is:

- Noem enige iets uit die prediking wat jou geraak het of wat jy nie verstaan nie.
- Wat dink julle was die hoofgedagte? Kan julle dit in een sin opsom?

bid vir mekaar

Is daar enige iets waarvoor die groep vir jou kan bid? Dit sal goed wees as julle 'n gebedsjoernaal kan begin waarin julle gebedsversoeke kan neerskryf.

Deel enige gebedsverhoring of Godservarings sedert julle mekaar laas gesien het. Hoe en waar het jy die afgelope week vir God beleef?

Dank God daarvoor.